# Hoofstuk van die dag: 2 Korintiërs 4

> *Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie. (vers 7)*

Dié stelling van Paulus bevat ’n baie belangrike perspektief

oor ons lewe as gelowiges. Dit gaan nie oor ons nie. Óns is nie die belangrikste nie – dit gaan oor die skat binne ons, naamlik dat ons die Here Jesus Christus ken en sy heerlikheid uitstraal.
As breekbare kleipotte het ons te kampe met baie aanslae (vers 9-11). Navolgers van Christus is immers, soos Hy, aan vervolging en lyding onderworpe. Die lyding ter wille van Christus laat Hom al helderder in ons skyn (vers 11). Dis deel van die proses waarin ons saam met Christus sterwe. Al breek en verkrummel die kleipot ook, die skat in al sy heerlikheid en krag bly ongeskonde.
Ek en jy kan alleen volhard en nie moedeloos word nie as ons ten volle leef uit die krag van God. Te midde van al die aanvegtinge wat ons as gelowiges verduur, kan ons seker wees dat God ons nie verlaat nie (vers 9). Daarom word ons nie moedeloos nie, want deur die werk van die Gees word ons innerlik dag tot dag vernuwe (vers 16).

## Onlangse Bydraes


- Daardie eerste vonkie …
- Lot se vrou
- Abram
- Job
- Rigters 16:20 SIMSON STEUN OP SY EIE KRAG


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026